My tyd in Zambië

Mias van Jaarsveld

Ek het ‘n paar lesse neergepen, gebaseer op my ervaringe in Zambië...

Justo Mwale Universiteit

Erediensbywoning in een van die gemeentes

‘n Groeiende kerk:

Die RCZ is ‘n groeiende kerk wat tans meer as ‘n miljoen lidmate het. Tydens my eerste besoek aan Zambië was daar 173 RCZ-gemeentes en 150 leraars; drie maande later, tydens my tweede besoek, was daar 175 RCZ-gemeentes en 162 leraars. Toe ek die statistieke by die Sinodale Sentrum in Lusaka gaan verifieer, het ek in ‘n gesprek met die algemene sekretaris vertel hoe ek in my 5 jaar in Bethlehem gesien het hoe 2 gemeentes weens omstandighede - hoofsaaklik finansieel - hul deure moes sluit, of met ‘n ander gemeente moes saamsmelt/eenword. Die heersende narratief in die NG Kerk is dat gemeentes swaarkry en kleiner word. In Zambië is die teendeel waar - die kerk groei en in drie maande se tyd is twee nuwe gemeentes geplant. Ek weet die twee kontekste verskil drasties met mekaar, maar ek dink tog dat hierdie verskynsel in Zambië navorsingswaardig is. Miskien kan hulle ons help om anders te dink ook kerkplanting en kerkgroei.

‘n Gasvrye kerk:

In Zambië hoor jy gereeld die woorde: ‘*You are welcome*,’ en ‘*This is your home’* - Zambiërs is van nature gasvry. Elke besoeker word op die hande gedra en daar is ‘n opregte belangstelling in wie jy is, waar jy vandaan kom, hoe dit met jou en jou mense gaan. Ek is gereeld uitgenooi vir etes en na diep (soms teologiese) gesprekke, het ek myself “dik” geëet aan pap, vis en spinasie in die huise van dominees, dosente en studente - mense wat later vriende sou word.

Tydens my eerste besoek aan Zambië het ek die bevestiging van dominee Thijs Blok van Nederland by Ibex Hill Gemeente bygewoon. Hy en sy vrou Marike, is met ope arms ontvang. Daar is feesgevier, geskenke gegee, seënbedes uitgespreek, saam geëet en saam gekuier. Mense van verskillende lande, kulture en rasse, mense wat inherent met mekaar verskil, kon hulle liefde vir God en vir mekaar deel. Ek het eers gedog dis ‘n unieke geval, tot ek ‘n paar maande later presies dieselfde ervaar het tydens die bevestiging van dominee Werner Nel en sy vrou Martinette, by die NG Gemeente in Lusaka. Aanvaarding, omgee, feesvier, geskenke, sang, saam eet en saam kuier.

Dit sou verkeerd wees om te sê: *Maar die mense in die RCZ is almal swart, daarom is inklusiwiteit maklik.* In Zambië is daar meer as 70 tale en kulture en hoewel daar raakpunte tussen sekere kulture is, is daar ook drastiese verskille

tussen sommige kultuurgroepe. ‘n Goeie voorbeeld is om te kyk na die Chewas en Bembas. Die Chewas van die Oostelike provinsie is matriargaal van aard; kinders vat hulle ma se van (nie hul pa s’n nie), die ma neem die finale besluite in die huis en daar is huidig vroue ‘chiefs’ (‘stamhoofde’?) op die platteland. Die Bembas, ook van die Oostelike provinsie, is patriargaal van aard; mans is die hoof van die huis en moet die besluite neem en daar is nie ‘n kans dat daar ‘n vroue ‘chief’ gekies sal word nie. Dog, as dit by die kerk kom, aanbid hulle saam, leef hulle saam, vergader hulle saam, eet hulle saam. Elkeen het sy plekkie en word sonder onderskeid verwelkom. Die evangelie is vir almal bedoel.

Afrikatyd/omgeetyd:

Vir ‘n Westerling is Afrika-tyd uiters frustrerend. Of eerder: dit is frustrerend tot jy daaraan gewoond raak! In Zambië is daar ‘n ander ritme. Die mense is rustig. Baie rustig. Zambiërs is nie lui nie - die werk wat gedoen moet word, word gedoen (geleidelik), maar sperdatums dra nie baie gewig nie. Groot probleme word op die plek uitgesorteer en dinge wat op Westerlinge se senuwees sou werk, word met geduld en rustigheid opgelos.

Eredienste word ook nie afgejaag nie - om drie tot vyf ure in die kerk te sit is nie vreemd nie en dit pla niemand nie. Baie tyd word afgestaan vir verhoudings - iets wat sigbaar is as mens kyk na die moeite wat gedoen word om begrafnisse by te woon en pastorale besoeke te doen. My afsprake met RCZ dominees is gereeld afgestel of uitgestel as gevolg van siekte of dood van iemand na aan hulle. Vir begrafnisse word die Sinodale kantoor gesluit, die bus van Justo Mwale Universiteit ry mense aan na ander dorpe, die Universiteit gee sy studente af.

Die Moderamen van die RCZ het onlangs by elke RCZ gemeente in Zambië ‘n pastorale besoek afgelê. Dit het my navorsing bietjie gekniehalter, maar ek het ‘n diepe waardering gekry vir die kerk se liefde en omgee vir al haar dominees en gemeentes. Ja, Afrika-tyd is frustrerend, maar daar word definitief tyd gemaak vir dinge wat werklik saak maak. Afsprake word nie afgejaag nie en wanneer jy by iemand kuier, word al hulle aandag en tyd aan jou spandeer.

‘n Opregte kerk:

Ek het ‘n opregtheid in Zambië beleef. Ek is ‘*brother*’ en ‘*friend*’ genoem en word gereeld gekontak deur die vriende wat ek gemaak het. ‘*How are you, reverend?*’ Wanneer ek in ‘n ou bekende vasloop, is die vreugde van ons ontmoeting eg en opreg. Hulle sal uitvra oor doktor Gideon, doktor Carin, prof Venter en sê dat ek groete moet oordra aan die mense - die vriende - vir wie hulle baie lief is. Hulle spreek ook gereeld hulle dankbaarheid uit oor die rol wat die NG Kerk Vrystaat gespeel het en steeds speel. Tydens persoonlike gesprekke met die leraars is hulle oop en eerlik - daar is nie bymotiewe of verskuilde agendas nie. Hierdie vriendskap is ook nie eensydig nie - hulle vra: ‘*How can we help you?*’ Wanneer jy hartseer ervaringe deel, toon hulle empatie en medelye. ‘*Oh, I am so sorry*’. En hierdie reaksie kom ook nie vals voor nie - dit is absoluut eerlik en rou.

‘n Kerk met ‘n roepingsbewustheid:

Nes haar moederkerk, is die RCZ se leuse: *Lig in die duisternis*. Ek het ietsie daarvan beleef tydens my besoeke aan Zambië. Ek het in die argiewe rondgekrap en verslae raakgelees waar hulle Apartheid sterk veroordeel en hulle het Apartheid selfs kettery genoem - iets wat die NG Kerk vandag nog mee sukkel om hardop te bely. Die RCZ is betrokke in die gemeenskap in maatskaplike en opvoedkundige organisasies en hulle doen moeite om ‘n stem te wees vir geregtigheid op plaaslike, asook nasionale vlak. RCZ-dominees het ‘n diep roepingsbewustheid en hulle beliggaam hulle teologie in hul daaglikse lewe.

Leraars in die RCZ doen nie aansoek vir poste nie - die sinode besluit waarheen ‘n leraar moet gaan op grond van hulle gawes en die behoefte van die betrokke gemeente. As ek die dominees vra hoe hulle daaroor voel, sal hulle sê*: Hulle is geroep om die Here te dien - maak nie saak of dit op die platteland of in die stad, ‘n ryk of ‘n arm gemeente is nie. Hulle wil die lig wees in die duisternis* (ek wonder hoeveel NG dominees bereid sou wees om te dien as die sinode hulle sou uitplaas op grond van hul gawes, in plaas van hul eie gerief en hoe dit hul sakke pas?).

Tydens die groot Lydensweek, was daar daagliks eredienste of 'revivals' by talle gemeentes in Lusaka gehou. Daar is tyd gemaak vir gebed en intersessie, daar is gebid vir die land, die kerk en mekaar. Een van die mees hartroerende geleenthede wat ek bygewoon het, was op Wit Donderdag by die NG Kerk. Tydens die nagmaalsdiens, het dominees Moses Zulu en Werner Nel, asook die leierouderling, elke lidmaat teenwoordig - oud en jonk, wit en swart - se voete gewas. Die leraars en leiers van die gemeente het op 'n praktiese manier kom wys dat hulle die gemeente kom dien en nie beter, groter of belangriker is vanweë hul posisies nie. 'n Praktiese beliggaming van hul roeping, 'n voorbeeld van hoe kerk moet (kan) wees.

Die tyd in Zambië was nie net goed vir my navorsing nie, maar ook vir my liggaam en my gees. Dit is hier - in 'diep donker Afrika', waar ek op nuwe, verrassende maniere God ontmoet het. Ek is ook gekonfronteer met my eie roeping en ek moes talle kere vra: *Sou ek bereid wees om ook so te dien? Sou ek bereid wees om die Here te dien, al kry ek 'n kwart van die salaris wat ek nou kry? Sou ek 'n vreemdeling wat 'n ander taal praat, 'n ander kultuur en ras is, ook so onvoorwaardelik ontvang het en omhels het*?

Die toekoms van die Christelike kerk is in Afrika. Terwyl NG gemeentes krimp, verander en selfs skeuring/afstigting oorweeg met die aanloop van sinodes en kerkvergaderinge, groei die RCZ en tydens sinodes word vrae gevra soos: *Hoe kan ons vandag nog die Lig in die duisternis wees?* Om bande te sny, of ondersteuning en betrokkenheid met kerke soos die RCZ te stop sal - na my mening - dom wees.

Hulle het ons nie meer nodig nie - ons het hulle nodig! Ons het kerke soos die RCZ nodig om ons teologie te verryk en om ons te konfronteer met die ongemaklike, dog dringende vrae oor wat belangrik is in die bediening en wat nie.

Ds Mias van Jaarsveld
Tentmaker - NG Heuwelsig
Sel: 072 901 8484
E-pos dsmias@ngkerkheuwelsig.co.za